HOOFSTUK 7

Samevatting, gevolgtrekkings en verdere navorsing

7.1 Samevatting:

Die feit dat daar nog geen evalueringstelsel op georganiseerde basis op skool, in liggaamlike Opvoeding in gebruik is nie, is 'n leemte in die vak. Die waarde van evaluering in Liggaamlike Opvoeding word in Hoofstuk 1 bespreek.

Die leerplan vir Liggaamlike opvoeding vir die dogter (st. 6 - st. 10) bestaan uit 4 hoofafdelings naamlik sport en spele, gimnastiek, wateraktiwiteite en dans. Atletiek is 'n onderafdeling van sport en spele. Die doel met hierdie ondersoek is om 'n toetsreeks in atletiek saam te stel, ten einde die atletiekvaardigheid van die hoërskooldogter te bepaal en wel in die min tyd tot beskikking.

Om punte aan die dogter toe te ken vir haar prestasie in die items wat in die toetsreeks ingesluit is, maar ook in die ander atletiekitems, is prestasieskale in elke item vir elke leeftydsgroep saamgestel. Op hierdie wyse is die verskil in prestasie ten opsigte van die verskillende leeftydsgroepe terselfdertyd bepaal.

Die nodige gegewens is bekom deur 2349 blanke dogters met leeftye tussen 12 en 18 jaar in verskeie skole dwarsoor die Republiek van Suid-Afrika te toets.

Die wyse waarop die gegewens versamel is, word in hoofstuk 4 bespreek.

Die berekening van gegewens het deur 3 stadia gegaan:

a. Samestelling van prestasieskale vir elke leeftydsgroep in al die items. Die Hullskaal is gebruik.
b. Vasstelling van die korrelasiekoëffisiënt van elke item met die gestelde maatstaf, dit wil sê die totaal van die volgende items: hoogspring, verspring, 100 meter, 200 meter, 400 meter, 800 meter, 1500 meter, 80 meter hekkies, krieketbalgooi, spiesgooi, werpskyf, gewigstoot (4 Kg.). Dit geld vir die leeftydsgroepe 13 tot 18 jaar.
c. Berekening van die meervoudige korrelasiekoëffisiënt van 30 toetsreekse met verskillende kombinasies (opgestel soos uiteengesit in hoofstuk 5) met die vasgestelde maatstaf. Die toetsreeks met die hoogste meervoudige korrelasiekoëffisiënt is as die mees geskikte toetsreeks om die atletiekvaardigheid van die hoërskooldogter te bepaal, beskou.

Die resultate van die ondersoek is in hoofstuk 6 bespreek. Hieruit kan die volgende afleidings gemaak word.

7.2 Gevolgtrekkings:

7.2.1 Om die hoërskooldogter se atletiekvaardigheid, as deel van die Liggaamlike Opvoeding

evalueringstelsel, te bepaal, sal die beste toetsreeks uit die volgende items bestaan:
hoogspring
100 meter
800 meter
krieketbalgooi
skyfwerp.

7.2.2 Die tweede beste toetsreeks bestaan uit:

hoogspring
200 meter
800 meter
krieketbalgooi
skyfwerp.

7.2.3 Die derde beste toetsreeks bestaan uit:

hoogspring of verspring
200 meter
800 meter
krieketbalgooi
gewigstoot.

7.2.4 Dis egter wenslik om 'n keuse aan die dogter te stel. Die finale toetsreeks lyk dus as volg:
hoogspring of verspring
100 meter of 200 meter
800 meter
krieketbalgooi

skyfwerp of gewigstoot.

(N.B. Indien verspring gekies word, moet dit in kombinasie met die 200 meter gedoen word).

7.2.5 Indien 'n 4-item toetsreeks verkies word, is die beste kombinasie:
Verspring
200 meter
800 meter
krieketbalgooi.
'n Toetsreeks met 5 items is egter verkieslik.

7.2.6 Indien een enkele atletiekitem uitgesonder moet word om die atletiekvaardigheid van die dogter te bepaal, is 75-meter hekkies die mees geskikte.

7.2.7 Daar is 'n styging in prestasie namate leeftyd toeneem slegs ten opsigte van die volgende items:
hoogspring, skyfwerp, spiesgooi, krieketbalgooi en gewigstoot (met albei gewigte). Die 18-jarige presteer dus die beste in hierdie items.

7.2.8 Die 13-jariges behaal die beste gemiddelde prestasie in :
100 meter, 200 meter, 400 meter, 800 meter, 1500 meter, 1000 meter stap, 70 meter hekkies, 75 meter hekkies, 80 meter hekkies.

7.2.9 Die 14-jarige behaal die beste gemiddelde prestasie in: 50 meter, 100 meter , 150 meter.

7.2.10 Die 15-jarige behaal die beste gemiddelde prestasie in: verspring, 50 meter, 100 meter.

7.2.11 Die 12-jarige presteer merkbaar swakker as die ander leeftydsgroepe, veral in vergelyking met die 13-jariges. Dit geld egter nie ten opsigte van die langer afstande nie.

7.2.12 Die Suid-Afrikaanse dogter se spoed begin afneem na 15-jarige leeftyd.

7.2.13 Die Suid-Afrikaanse dogter bereik haar beste prestasie ten opsigte van uithouvermoë op 13-jarige leeftyd, waarna daar 'n daling plaasvind.

7.2.14 Indien krieketbalgooi, skyfwerp, spiesgooi en gewigstoot as koördinasie-items aanvaar word, beteken dit dat die koördinasievermoë van die Suid-Afrikaanse dogter geleidelik toeneem vanaf 12- tot 18-jarige leeftyd.

7.2.15 Lengte en massa kan 'n invloed op die prestasie van die hoërskooldogter hê ten opsigte van naellope, middelafstande, skyf-

werp, gewigstoot, spiesgooi en krieketbalgooi.

7.3 Verdere Navorsing

Die ondersoek het 'n paar sake na vore laat kom waaroor verdere navorsing gedoen kan word.

7.3.1 'n Evalueringstelsel in Liggaamlike Opvoeding vir die dogter ten opsigte van alle afdelings van die vak.

7.3.2 Die regverdigheid van die huidige indeling van leeftydsgroepe ten opsigte van deelname aan kompetisie in die verskillende atletiek-items.

7.3.3 Hierdie ondersoek het slegs een faktor naamlik leeftyd as 'n basis vir indeling in aanmerking geneem. Sou 'n indeling, waar ander faktore soos lengte en massa ook in aanmerking geneem word, nie 'n regverdige indeling wees nie ? Sal skoolstanderd nie as 'n basis vir indeling gebruik kan word nie ?

7.3.4 Die prestasieskale geld slegs vir blanke Suid-Afrikaanse dogters van 12 tot 18 jaar. Verdere ondersoeke is nodig om die atletiese bekwaamheid van die nie-blanke dogter te bepaal.

7.3.5 Die grootte, vorm en massa van die implemente in worpe en gooie maak dit moeilik

hanteerbaar vir die dogter van 12 jaar en jonger. Navorsing om die korrekte grootte en massa van die implemente vir die verskillende leeftydsgroepe te bepaal, is nodig.

7.3.6 In hoe 'n mate kan die atletiektoetsreeks(e) wat met hierdie ondersoek saamgestel is gebruik of gewysig word vir die bepaling van die hoërskooldogter se algemene motoriese vaardigheid.